

Hou vol om die Verbondsgod te volg

Die naam Kaleb beteken heelhartig. Hy en Josua was twee van die 12 verspieters na die land Kanaän (Num 13, 14). Teen die meerderheid in het hulle twee 'n eie boodskap gebring. Die meerderheid sê: Dit is 'n land wat oorloop van melk en heuning, maar hulle is sterker as ons. Kaleb en Josua sê: Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig. Hierop wil die volk Kaleb en Josua stenig!

In ons gelese gedeelte loop ons dieselfde Kaleb raak. Die 40-jarige wat 'n eie boodskap gebring het, is nou 85 jaar oud. Dit blyk dat die ander gees wat 40 jaar gelede in hom was (Num 14:24), steeds aanwesig is. Drie dinge rondom Kaleb trek die aandag:

- *Sy getroue navolging* – Opreg, sonder skynheiligheid. Dit word bewys deur die feit dat hy wars teen die meerderheid in sy sê sê en bereid is om die gevolge te dra. Blymoedig, sonder murmurering. Hy het saam met sy volksgenote nog 38 jaar in die woestyn geswerf. Onderdanig, sonder voorbarigheid. Hy lewe wel voor God se aangesig. Maar nie voor God uit nie, hy volg. Volhardend, sonder koersaanpassing. Hy volg met sy hele hart (heelhartig). Hy probeer volgens al God se voorskrifte lewe. Hy besluit nie self wat meer en minder belangrik is nie. Volhardend, sonder afvalligheid. Op 85 nog soos op 40, hy sien steeds kans vir die reuse.
- *Sy genadebeloning* – Sy lewe word gespaar. Wanneer die ander verspieters deur 'n plaag van die Here sterf, word Kaleb en Josua gespaar (Num 14:37). Hy geniet aansien onder sy volksgenote. Hy en Josua was ten minste 20 jaar ouer as die ander mans. Hy beleef 'n lewenskragtige ouderdom. Hy word geroep, is bereid en in staat tot harde diensbaarheid. Hy ervaar die genot om in besit te neem wat aan hom belowe was. Wat hy as verspieder gesien het, kan hy 45 jaar later in besit neem. Dit wat hy geestelik en materieel ontvang het, laat hy vir sy kinders na.
- *Sy hartsgesindheid* – Wat het die heelhartige Kaleb laat uitstyg bo menslike swakhede en aardse vrees? Watter ander gees was in hom wat hom laat volhou het om die Here, die God van Israel, te volg? Die Heilige Gees! Hy werk die ware geloof in ons harte. Hy laat ons God op sy woord neem. Hy laat ons vasgryp aan die beloftes van God. Hy maak ons afhanklik en beskeie, Hy maak ons bereidwillig om vol te hou om die Verbondsgod te volg.

Sing: Psalm 20:4 (Totius)

Ds JJ de Kock (Vaalharts)